Voorskools – GR 6
Tema: Saggeüs / Liefde
Teksvers: Lukas 19: 1-10

BOME IS SOMS WEGKRUIPPLEKKE ….

In Genesis lees ons dat Adam en Eva in die digte bome en bosse vir God gaan wegkruip het nadat hulle sonde gedoen het. Maar God het hulle gekry (Gen 3:8-9)

Ons lees ook in Lukas van iemand met 'n sondige lewe wat ook in 'n boom weggekruip het. Maar Jesus het hom ook daar gekry.

LES: Liefde verander mense – in – wegkruip – bome ook!

Doel: Om die kinders te leer dat mense se lewens nie maklik verander deur ons beskuldigings of selfs deur preke nie, maar slegs wanneer hulle Jesus se liefde ervaar/ na 'n ware ontmoeting met Hom.

Hulpmiddels: Vou (Bylaag 5) dubbeld en kram boom en huisie rug-aan-rug vas nadat alle stippellyne geknip is (laat bo-en-onder rande oop). Vou middelste boomblare oop, plak Saggeüs (Bylaag 6) met wondergom in boom.

Trek Saggeüs later af, laat afklim teen boom, Om hoek stap en by tafel gaan sit. As jy praat, laat Saggeüs staan (vers 8) en plak sy woorde bokant sy kop vas. Plak Jesus se woorde bo-op beswaarde vas sodat negatiewe (oorheers) word deur Jesus se verlossings boodskap. (Toneel kan regop staan deur leë toiletrol tussen vasgekramde blaaie in te druk).

Lees: Lukas 19:1-10.

Vertelling: (Vertel, moenie aflees nie! Moenie die verhaal vertel soos in die Bybel nie. Begin sonder om te sê wie in die boom is of dat dit Saggeüs se verhaal is – kinders skakel onmiddellik af).

Eendag was Jesus en 'n groot skare op pad deur Jerigo. Skielik stop Hy onder 'n groot ou wildevyeboom, en kyk op. Almal kyk op en sien agter die digte takke … (lig blare op, vra aan kinders wie hulle dink dit is…..?). Die skare sê: O! Dis die sondige Saggeüs!! Die hooftollenaar!! Skelm Saggeüs!!

Maar Jesus sê: "Ek is eintlik net op pad deur die stad, maar ek moet vandag by jou kom eet, Saggeüs. Kom af." (Haal Saggeüs af, laat om hoek stap en sit hom regoor Jesus aan tafel, skuif in by stippel lyntjie). Mense ontstoke, beskuldig Jesus – vers 7!

(Laat Saggeüs opstaan, plak vas op donker streep, plak woorde by sy mond: "Here, ek gaan geld …." Plak Jesus se woorde vas bo-op beswaarde beskuldiger).

Waar of Vals?

a. Jesus het deur die blare en takke, maar ook deur Saggeüs se bang en skaam sondige lewe gesien!

b. Jesus het vir Saggeüs gesê: Jy is ‘n slegte man! Jy moet jou geld vir die armes gee en jou lewe verander.

c. Jesus het Saggeüs aanvaar en liefde bewys al was hy ‘n skelm tollenaar.

d. Ons moet éérs vir mense rég preek. As hulle dan hul lewe regmaak, moet ons hulle liefhê.

e. Liefde stop by enige mens se wegkruip boom – selfs dié mense wat ons moeilik verstaan.

Ekstra vraag aan groter kinders:

Een van Saggeüs se tollenaars vriende was Jerusalem toe, maar toe hy terugkom in Jerigo, sien hy Saggeüs se gesig straal van blydskap. Hy vra: O! en wat het intussen met jou gebeur?
- Wat antwoord Saggeüs hom?

Afsluiting:

- Probeer jy dalk “wegkruip” met jou sonde?

- Laat Jesus toe om jou te “vind” Hy het jou lief en wil jou vergewe.

- Volg Jesus se voorbeeld en vergewe jou naaste - “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

KNIP UIT

Here, ek gaan geld vir die armes gee en reg lewe !

Saggeus, ek het gekom om jou te soek en te red!



TOULEIERTJIE NO 16